



Oosies

NUUSBRIEF

2026
WERK EN OORWIN
Ons omgee-uitleefskool waar ons met passie potensiaal ontsluit

#trotseoosie #laatdieblougolfrol #hierbouonsjoutoekoms

32/2026

17 September 2026

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Geagte Ouers en Voogde

Nog 'n besige kwartaal staan einde se kant toe en wanneer 'n mens terugkyk, besef jy opnuut hoeveel daar binne 'n enkele kwartaal in die lewe van 'n skool gebeur. In die klaskamer, op die sportveld, op die verhoog en agter die skerms het ons Oosies hard gewerk, geleenthede aangegryp en ons skool met trots verteenwoordig.

Die laaste paar weke het weer vir ons besondere prestasies opgelewer. Ons bergfietsryers het uitstekend in die CycleLab-reeks gevaar. Leam van Veenhuizen (o.15) en Cloë Muller (o.18) het individueel gekwalifiseer om Gauteng by die Nasionale Kampioenskappe op 2 en 3 Oktober in Stellenbosch te verteenwoordig. Beide het ook 'n uitstekende derde plek in Gauteng in hul onderskeie ouderdomsgroepe in die CycleLab-bergfietsreeks behaal. Ons is ewe trots op die Oos-Moot-dogtersbergfietsspan: Cloë Muller (o.18), Zanè Engelbrecht (o.17), Noa van der Merwe (o.15) en Sumari Hattingh (o.15) wat ook gekwalifiseer het om aan die Nasionale Kampioenskap in Stellenbosch deel te neem. Ons wens hulle alles van die beste toe!

Op die atletiekbaan het ons Oosies hul staal gewys tydens die TUT Top 12. Teen sterk kompetisie het Oos-Moot 'n algehele eerste plek in die B-afdeling behaal. Met spanne wat uit slegs 10 seuns- en 10 dogtersatlete bestaan en ongeveer 30 skole wat deelneem, is hierdie 'n besondere spanprestasie waarop ons baie trots is. Baie geluk aan die volgende atlete wat, in hul onderskeie ouderdomsgroepe, podiumplekke tydens die byeenkoms behaal het: Roemay Korff (1ste – 200m), Chanel Groenewald (2de – 1500m en 3000m), Markus Coetzee (2de – Gewigstoot), Cleadon van Rooyen (2de – Spiesgooi), Mia Steenkamp (3de – 400m hekkies) en Annelie Human (3de – Spiesgooi).

Op die netbalbaan het ons o.17 Senior Geel-span Oos-Moot tydens die Fast Five Gauteng-uitspele verteenwoordig en 'n uitstekende agtste plek in Gauteng behaal. Die 7's-rugbyseuns het ook behoorlik geskitter by die Montana 7's. Die o.17A-span het die toernooi onoorwonne afgesluit, algeheel eerste geëindig en as Montana 7's-bekerweners uit die stryd getree. Die o.15A-span het sterk meegeding en 'n verdienstelike sesde plek behaal. Baie geluk aan Michael Bhuda wat vir die Blou Bulle o.17 sewesspan gekies is. Dit is 'n besondere prestasie en ons is trots daarop dat hy Oos-Moot op provinsiale vlak verteenwoordig.

Ons All Stars het hul jaar op 'n indrukwekkende noot afgesluit met 'n puik tweede plek tydens die SA Kampioenskappe. Wat 'n voorreg om te sien hoe ons leerders hul talent, harde werk en passie op nasionale vlak uitleef.

Dit is nie net ons leerders wat op hoër vlak raakgesien word nie. Me C Ludick (onderwyseres) het 'n eerste plek losgehardloop tydens die Midland Triathlon met 'n tyd van 01:45:54. Ons is ook besonder trots op twee van ons rugbyafrigters wat belangrike Blou Bulle-aanstellings vir 2027 ontvang het. Mnr B Pretorius is aangestel as die Blou Bulle o.18 Cravenweek-hoofafrieger, asook Blou Bulle Hoëprestasie-bestuurder. Hierdie aanstellings is 'n besondere erkenning vir sy ervaring, kennis, leierskap en bydrae tot rugbyontwikkeling. Mnr D du Plessis is aangestel as die Blou Bulle o.15 Afgri Week-A-assistentafrieger. Ons wens hom ook van harte geluk met hierdie besondere prestasie. Dit maak ons trots om te weet dat Oos-Moot ook afrigters en leiers het wat op provinsiale vlak 'n verskil maak.

Terwyl baie van ons sport- en kultuuraktiwiteite vir die jaar nou die laaste pylvak bereik, verskuif die fokus toenemend na akademiese en die belangrike eksamentyd wat voorlê.

Die kwartaal word afgesluit met ons leerders wat die toetsreeks en rekordeksamen afhandel. Vir ons matrikulante is hierdie tyd van die jaar besonder belangrik, met hul rekordeksamen wat afgehandel word en die finale eindeksamen wat nou vinnig nader kom. Kwartaal 4 se akademiese tyd laat min ruimte om verlore akademiese tyd in te haal, daarom wil ek opnuut die belangrikheid van gereelde en stiptelike skoolbywoning beklemtoon.

Elke dag tel, veral gedurende die laaste deel van die akademiese jaar is elke les, hersieningsgeleentheid en kontaktyd met 'n onderwyser waardevol. Die laaste kwartaal vra fokus en deursettingsvermoë. Dit is nie nou die tyd om voet van die pedaal af te haal nie, dit is die tyd om sterk klaar te maak.

Ouers, merk asseblief 19 Oktober 2026 op julle kalender! Ons Algemene Jaarlikse Ouervergadering vind op dié dag plaas en dit is 'n belangrike vergadering om by te woon. Die skool se begroting vir 2027 word bespreek en goedgekeur, wat beteken dat die skoolfonds vir 2027 ook tydens hierdie vergadering vasgestel word. Ons wil daarom graag soveel moontlik van ons ouers daar hê en moedig julle aan om deel te wees van hierdie belangrike gesprek en besluitneming. Al die besonderhede oor die vergadering verskyn verder in die nuusbriëf.

Wanneer ons terugkyk op die kwartaal se prestasies, sien ons veel meer as medaljes, uitslae en plekke. Agter elke prestasie staan ure se voorbereiding, afrigting, oefening, vervoer, ondersteuning en opoffering. Daarom wil ek aan ons leerders, personeel, afrigters, ouers en die breër Oosie-gemeenskap opreg dankie sê. Dankie vir elke ekstra uur, elke rit na 'n oefening of wedstryd, elke hand wat gehelp het, elke geleentheid wat ondersteun is en elke keer wat iemand bereid was om 'n bietjie meer te doen.

'n Skool se sukses en uitnemendheid word nie deur een persoon of een groep mense gebou nie. Dit is die resultaat van 'n gemeenskap wat saamwerk, saam ondersteun, saam trots is en saam in sy kinders belê.

Mag die kort vakansie vir elkeen die geleentheid bied om asem te skep, tyd saam met geliefdes deur te bring en nuwe energie te kry vir die laaste kwartaal.

Geniet die rustyd, wees veilig en kom terug gereed om 2026 sterk af te sluit.

Vriendelike groete
Me S Theron
HOOF

ALGEMEEN

22 Sept.	ATKV Talentaand
23 Sept.	Skool sluit
26 Sept.	Moot Film-bekendstelling (by Oos-Moot)
2 Okt.	Rasieleiers – SA's
6 Okt.	Skool heropen
9 Okt.	Rapporte na leerders
9 Okt.	Gr.12 Afsluiting- en boogstapseremonie
13 Okt.	Prysuitdeling: Sport en Kultuur
15 Okt.	Gr.12 Glinsteraand
17 Okt.	Orkes gala-aand
19 Okt.	Algemene Jaarlikse Ouervergadering (begroting 2027)
31 Okt.	Oosie-Winkel Pasdag

LIEF EN LEED

Ons dink hierdie week in besonder aan me A de Villiers (onderwyseres) en mnr L Breet (Terrein-bestuurder) wat albei hul vaders aan die dood afgestaan het.

Ons dra julle en julle families in ons gedagtes in hierdie hartseer tyd. Mag julle met dankbaarheid vashou aan die mooi herinneringe en mag die Hemelse Vader julle omvou met Sy liefde, troos en krag.

KENNISGEWING: ALGEMENE JAARLIKSE OUERVERGADERING

Ons nooi AL ons huidige ouers uit om hierdie vergadering by te woon. Die skool se begroting, skool- en ander fondse vir 2027 word tydens hierdie vergadering goedgekeur.

Datum	:	19 Oktober 2026
Tyd	:	17:30 vir 18:00
Plek	:	Skoolsaal

Indien geen kworum bereik word nie, sal die vergadering verdaag vir 30 minute en die **tweede vergadering** sal dan om **18:30 (Maandag, 19 Oktober 2026)** in die skoolsaal plaasvind en nie Woensdag, 21 Oktober 2026 soos aangedui in die jaarbeplanner nie.

Ouers sal die formele uitnodigingskrywe met volledige inligting, die agenda en die notule van die 2025 Algemene Jaarvergadering vandag per e-pos ontvang.

Die bywoning van hierdie vergadering is uiters belangrik, aangesien belangrike finansiële en administratiewe sake bespreek en goedgekeur moet word.

GRAAD 12 KLOKSEREMONIE EN DIENS

Ons neem jaarliks, tydens 'n klokseremonie en kerkdiens afskeid van ons matrikulante. Die funksie is geskeduleer vir **9 Oktober** en verloop soos volg:

08:00	:	Klokseremonie begin
±09:30	:	Kerkdiens in die skoolsaal

Belangrik:

Na afloop van die kerkdiens verdaag die ouers en is daar 'n kort maar baie belangrike inligtingsessie vir die matrikulante. Hul ontvang hul rapporte en baie belangrike inligting aangaande die eindeksamen.

Kleredrag vir die klokseremonie

Leerders dra smaakvolle en stylvolle gewone klere om die formele aard van die dag te weerspieël.

2026 JAARBLADBESTELLINGS

Ouers wat graag die skool se 2026 Jaarblad wil aanskaf kan nou reeds bestel en betaal.

BESTELLING EN KOSTE

Koste	:	R200 per jaarblad
Bestellings	:	Voor of op 30 Oktober
Bestel hier of by die volgende skakel:		
https://forms.gle/idpMZsGBpbiPc4Ti6		

Die aantal jaarblaaie wat gedruk word, sal bepaal word volgens die aantal **betaalde bestellings** wat teen hierdie datum ontvang is.

Belangrik: Indien 'n jaarblad bestel is, maar betaling nie teen 30 Oktober 2026 ontvang is nie, sal die bestelling nie as geldig beskou word nie.

BETALING EN BANKBESONDERHEDE

Afsnydatum : 30 Oktober
Betaling moet asseblief in die skool se bankrekening gedoen word met die volgende verwysing:

Rekeningnaam :	Hoërskool Oos-Moot
Bank :	First National Bank (FNB)
Rekeningnommer:	63124628041
Takkode :	210835
Verwysing :	Leerder se voorletters en van+jaarblad

BESKIKBAARHEID EN AFHAAL

Die 2026 Jaarblaaie sal aan die begin van die 2027-skooljaar beskikbaar wees. Sodra die jaarblaaie gereed is vir afhaal, sal 'n kennisgewing op die skool se **mediaplatforms** geplaas word.

Die kwitansie of EFT-bewys van betaling moet by me. **A de Villiers (T10C)** getoon word wanneer die jaarblad afgehaal word.

AKADEMIE**AKADEMIESE TYD**

- **22 September** volg die leerders **DAG 3** se rooster.
- **23 September** skryf leerders hul laaste toetse in die toetsreeks waarna die skool om **11:00** sluit.

SKOOL HEROPEN

Datum : 6 Oktober
Kwartaal 4 begin met DAG 4.

RAPPORTE

9 Oktober : Leerders ontvang hul rapporte

SPORT**HOKKIE VOORSEISOEN**

Alle voornemende Oosie-hokkiespelers – seuns én dogters – word hartlik uitgenooi om by ons oefeninge aan te sluit. Geen vorige hokkie-ervaring is nodig nie. Kom leer en ontwikkel jou vaardighede onder leiding van provinsiale en nasionale afrigters.

Dae : Dinsdae en Donderdae
Tyd : 17:00–19:00
Plek : Oosie Astro

Benodighede:

Veldhokkiestok, hokkiebal, mondkerm, shinpads en lang hokkie-oefenkouse. Stokke kan aanvanklik geleen word. Spelers moet in kortbroeke/skortse en toe T-hemde oefen.

Navrae: hokkie@oos-moot.co.za

HOKKIE – OOSIE JUNIORS

Alle laerskoolseuns en -dogters wat graag hokkie wil speel, word uitgenooi om deel te word van ons Oosie-Junior Hokkie-familie. Geen vorige ervaring is nodig nie – almal is welkom!

Volledige inligting is beskikbaar op die skool se [webwerf](#). Sluit by die [Oosie-Junior WhatsApp-groep](#) aan vir kommunikasie en verdere inligting. Skakel <https://chat.whatsapp.com/Cov0LhCWJ2dKx1shIRiPR>

Registrasie: Alle spelers moet geregistreer word. Volg die [registrasieskakel](#). Skakel: <https://forms.gle/GDP9LiVUDDCge91y5>

SWEM**Oefening**

Datum : Begin 7 Oktober
Plek : Swembad sal bevestig word

Gala-datums in Oktober vir 2026 swemspan

Datum	Plek
17 Sept.	Cornwall Hill College
8 Okt.	Sal bevestig word
15 Okt.	Sal bevestig word
22 Okt.	Sal bevestig word.

Navrae kan gerig word aan: swem@oos-moot.co.za

KULTUUR**MNR EN MEJ OOS-MOOT 2027**

Uitdunne vind soos volg plaas:

EERSTE RONDTE		
Datum	Leerders	Tyd
7 Okt.	Dogters	14:15 – 18:00
8 Okt.	Seuns	14:15 – 18:00
Kleredrag	Skooldrag	
Lokaal	Restaurant	
TWEDE RONDTE		
Datum	Leerders	Tyd
12 Okt.	Seuns en dogters	14:15 – 18:00
Kleredrag	Gewone klere	
Lokaal	Restaurant	

ATKV TALENTAAND

Datum : 22 September 2026
Tyd : 18:00 vir 18:30
Plek : Skoolsaal
Kaartjies: R80.00 per persoon, beskikbaar op die Blou Rak.

RASIELEIERS

Kompetisie : SA Kampioenskappe
Plek : Heartfelt Arena

BUITEPRESTASIES

(Prestasies buite skoolverband)

Die skakels vir beide die Kultuur- en Sport buiteprestaties sluit op 23 September.

SPORT

<https://forms.gle/FZeBTdsmxBPfT7Xp8>

**KULTUUR**

<https://forms.gle/Xwi9KdgBdTYZL8ARA>

**NUUSBRIEFADVERTENSIES**

Adverteer in ons skool se nuusbrief. Koste en volledige inligting by die [skakel](#) beskikbaar of kontak me C Meyer (bemark) by bemark@oos-moot.co.za.

die hart,
die mense,
die stories...

DIE MOOT

Elke buurt het 'n adres.
Die Moot s'n is in jou Hart.

Die dokumentêr
26 Sep '26

By BILTONG MEDIA
By Hoërskool Oos-Moot

<https://tickets.tixsa.co.za/event/film-premiere-die-moot>

**STUDIEMETODEKURSUS
EN BREINPROFIELE VIR LEERLINGE**

Baie leerlinge onderpresteer omdat hulle nie verstaan hoe die brein funksioneer t.o.v. konsentrasie en geheue nie. Hulle ken en verstaan ook nie die verskillende studiemetodes nie. Elke leerder moet die geleentheid gegun word om voldoende voorberei te word vir die eise van hoërskool en die voorreg hê om, volgens sy/haar vermoë, optimaal te presteer. Dit is 'n uitstekende, interessante en genotvolle kursus, wat met bringim geïnkorporeer word.

'n Paar fokuspeunte van die kursus:

- Funksionering van die menslike brein, positiewe denke, konsentrasie en geheue
- Suksesvolle bereik van studiedoelwitte en tydsbeplanning
- Studiemetodes, studiewenke en opsommetodes
- Toets/eksamens: beplanning en voorbereiding

Alle studiemateriaal word voorsien.

DATUM:	PLEK:	TYD:	KOSTES:
9 en 10 Oktober (Slegs vir graad 8-9's)	Hoërskool Oos-Moot (Kamer 69)	9de – 14:00 – 18:00 10de – 08:00 – 14:00	✓ Studiemetodekursus alleenlik: R600 ✓ Breinprofiel-evaluering en beroepsvoorligting: R700 (Opsioneel, maar van onskatbare waarde.)

PAKKET BELOOP R1000 PER LEERDER
en dit sluit die kursus en breinprofiel in.

Indien u sou belangstel, is u welkom om vir my 'n e-pos na info@brainwize.net te stuur.

U sal die naweek voor die kursus 'n boodskap ontvang met die benodigde wat die leerder moet saambring.

Verstaan jou brein. Gebruik die regte metodes. Bereik jou doelwitte!

Waverley
Wiskunde & Wetenskap
Sentrum

Vakke wat by die Wiskundesentrum aangebied word.

- Wiskunde graad 1 tot 12, asook Wiskundige Geletterdheid en Tegniese Wiskunde.
- Rekeningkunde graad 8 tot 12.
- Afrikaans graad 1 tot 12. Engels graad 1 tot 12.
- Wetenskap graad 10 tot 12 sowel as Tegniese Wetenskap
- Career Direct:** Aanlegtoetse, vakkeuse, beroepskeuse en beroepsleiding

Aanvullende onderrig + Beroeps
- & Vakkeuse toetsing

Marina Stander - 083 259 8913

Wiskunde en WETENSKAP
HULPBRONNE

- ✓ Flitskaarte
- ✓ Teorieboek
- ✓ Vraestelle

Alles wat jy nodig het om 'n **SUKSES** van jou studies te maak!

Teen 'n Koste van:
R330!!

www.wenwetenskap.co.za

<https://www.wenwetenskap.co.za>



PLANTCARE SERVICES BIED:

- Binnenshuise plant-installering en -instandhouding
- Tuinontwerp en besproeiing
- Plantdekorverhuring
- Weeklikse versorging

Tel: 072 500 2889 / 072 080 7540

Besoek www.plantcareservices.co.za
vir meer inligting. Stuur 'n e-pos
na info@plantcareservices.co.za
of plantc@mweb.co.za

MOOT
Skole gebedsoggend

WOENSDAG

07:00

TOT

08:00

23

SEPT

HTS JOHN
VORSTER

